

22 Mei

Skrifgedeelte: Rigters 21

God wek lewe uit die dood

Israel is verpletter nadat hulle 'n hele stam van hulle eie volk moes uitwis. Daar het net ses honderd jong soldate oorgebly. Israel het by Bet-El byeengekom en daar voor die aangesig van die Here gesit en hard gehuil omdat 'n stam van die volk nie kon voortbestaan nie. Die volk het 'n eed afgelê dat hulle nie hulle dogters met Benjamine sou laat trou nie (vers 1). Die volgende dag bou hulle 'n altaar en bring 'n offer vir die Here. Dan begin daar lig kom. Die enigste manier hoe Benjamin as stam sou kon voortbestaan, is as daar nuwe lewe kom. Die manne wat oorgebly het moes vrouens kry, maar hoe? Die Here wys hulle dan op Jabes uit Gilead wat nie aan die oorlog teen Benjamin deelgeneem het nie. Die ontrouheid word met die dood gestraf. Net 400 maagde word aan die manne van Benjamin as vrouens gegee. Dit is egter nie genoeg nie en die oudstes besin weer oor die saak. Tydens 'n fees by Silo moes die ander jongmanne van Benjamin vir hulle vrouens gaan steel wanneer die jongmeisies dans.

Die Here wek lewe uit die dood. Daar waar menslikerwys geen hoop meer is nie, maak Hy deur die wedergeboorte 'n nuwe begin. God moet nuwe lewe gee. Hy doen dit deur Jesus Christus wat die dood oorwin en aan ons deur sy lewendmakende Gees die nuwe lewe skenk.

Sing: Psalm 84:3

Ds DJ de Kock (Pietersburg-Suid)